

KINDERS HOEF NIE HUL SOETTANDE TE TREK NIE

Rooi:	Almal sê dit saam.
Pers :	Spreker 1
Blou :	Spreker 2
Oranje :	Spreker 3
Groen :	Spreker 4
	<i>(Almal stap in en gaan staan AGTER hul stoele)</i>
Almal:	Alla wiek alla wak...
	<i>(Spreker 1 tree vorentoe staan voor sy stoel – die ander bly agter hul stoele staan)</i>
Spreker 1:	VANDAG gaan ons koekies bak. Ons gaan lekkergoed koop en wafels eet met roomys en stroop.
	<i>(Sodra elke spreker begin praat - tree vorentoe en staan voor jou stoel)</i>
Spreker 2:	Gee vir my 'n Krispy Kream oliebol... anders gaan ek weghol.
Spreker 3:	Ek sal kan doen met 'n sak vol sjokolade
Spreker 4:	En gaan dadelik vra vir 'n reuse bak vol poeding en vla!
Spreker 1:	Voorsitter, dames en here...
Almal:	WEG... <i>(Sprekers 2, 3 en 4 gaan sit)</i>
Spreker 1:	...met appels en pere! Ek en my spanmaats betoog vandag teen almal wat dink ons moet ons soettande TREK. (Spreker 2) glo dat lekkergoed baie BETER is vir jou... as groente. (Spreker 3) is van mening dat soetgoed is gesonde goed. En... indien u dink dat ek lieg soos 'n tandetrekker... gaan Spreker 4 u finaal oortuig dat daar GEEN rede is om enige tande te trek nie. Veral nie as dit 'n soettand is nie.
Spreker 2:	<i>(Staan op spreker 1 gaan sit)</i> Dankie, (Spreker 1)... ek is oortuig daarvan dat groente NIE die alfa en die omega is nie. Groente veroorsaak oorlog en rusie aan tafel... en is veel slegter as roomys en 'n lekker dik wafel!
Spreker 3:	Oorlog? Dit lyk my julle ontrafel en gooi mekaar met kos aan tafel!
Spreker 2:	Nee, (spreker 3)... gelukkig nie kosgevegte nie. Net bekgevegte!

Graad 3
SPANREDENAARS

Spreker 3:	In ons huis mag niemand met 'n mond vol kos praat nie. Dis nou as jy nie vir Mamma wil kwaad maak nie. Maar, Spreker 2, jy was besig met 'n bekgeveg!
Spreker 2:	Ja, vriende! Oom Jaco Jacobs, die bekende Afrikaanse skrywer... verduidelik hoe jou 5 sinuïe werk. Hy sê... as kos lekker RUIK, dan SMAAK dit ook somer lekker. Julle moet met my saamstem as ek sê... GEEN kind se sinuïe glo dat groente lekker "ruik OF lyk" nie!
Spreker 3:	Ek het OOK nou die dag daardie boek van Oom Jaco gelees.....
Spreker 2: en Spreker 3:	(sê dit saam) "Die wonderwêreld van my liggaam"!
Spreker 3:	...en ek het gesien dat 'n mens der DUISENDE smaakknoppies op jou tong het. (steek tong uit en probeer na die knoppies kyk)
Spreker 2:	Ja, jy is reg... en glo vir my... al MY smaakknoppies trek somer op 'n knop... EN dit laat my oë omdop... wanneer hulle groente sien.
Spreker 4:	Maar... waarvoor wil hulle ons soettande trek?
Spreker 2:	Wel... dit is belangrik dat jy jou kos moet VERTEER... en wanneer jou mond WATER... sit dit die verteringsproses aan die gang. Nou, mense... dit is juis die gedoente met groente: MY MOND WATER NIKS!!! Ek hou nie van groente nie en groente hou nie van my nie. Maar ek gee nie om nie... want goed wat LEKKER SMAAK... is beslis beter as groente. So! Los maar my soettandjies in my mond... want lekkergoed is goed vir jou spysvertering!
Spreker 1:	Wonderlik, as ek net aan iets lekkers DINK dan begin my spysverteringstelsel werk! (Spreker 3), ek sien jy is besig om jou tande te slyp.
Almal:	SOETTANDE!! (almal lag)
Spreker 1:	Wel, jy hoef nie langer op jou tande te byt nie. Ons wil graag jou argument hoor wat jy aan die gehoor wil voorlê.
Spreker 3:	Dankie, (Spreker 1). Vandag gaan ek vir julle wys waar Dawid die wortels gegrawe het... en dat mens maar ALLES vir soetkoek kan opeet. Daar is geen rede hoekom jy nou vir ure na jou broccoli moet staar... en opgekookte spinasie maak mens net naar. Ertjies moet jy onder jou aartappels versteek... en kool maak my baie bleek. Ek weet die grootmense gaan dalk tande wys oor my mening... maar gelukkig skrik ek nie vir koue pampoen nie!

Graad 3
SPANREDENAARS

	<i>(ander giggel)</i> Ek is van mening dat soetgoed nie altyd "ONGESOND" hoef te wees nie!
ALMAL:	<i>(Elkeen kies 'n sin en praat met mekaar en bo-oor mekaar en knik die koppe)</i> Oe, ja, dit hoef nie! Ek stem saam! Klink na goeie nuus! Ek wil meer hoor! Hier kom 'n ding nou!
Spreker 4:	Maar, maar, maar... is jy seker dit is nie 'n bogstorie nie?
Spreker 3:	Doodseker... want ek het my bewyse gevind in my ouma se oud en beproefde resepteboek... "Die Kook en Geniet"... geskryf deur SJA de Villiers. Daar vind ek meer as 'n dosyn... "poeding resepte"... ALLES propvol vrugte!
Spreker 2:	Hoeveel is 'n dosyn nou weer?
Spreker 4:	TWAALF... jou eier.
Spreker 2:	Twaalf! <i>(vir Spreker 3)</i> Is dit dieselfde poeding met 'n ander sous? Moenie dink julle kan MY flous.
Spreker 4:	Ag, wat maak dit saak... dis ietsie soet!
Spreker 1:	Wag nou julle, laat ons hoor hoekom is poeding 'n moet! Klink vir my na 'n goeie argument want almal weet vrugte is goed.
Spreker 3:	Vriende, sê vir my: Hoeveel voedselgroepe is daar nou weer?
ALMAL:	VYF! <i>(hou 5 vingers op)</i>
Spreker 1:	Proteïne!
Spreker 2:	Suiwel en stysel!
Spreker 4:	Vette en olies!
Spreker 3:	Ja! En natuurlik ook groente en vrugte! Julle sal onthou dat juffrou ons geleer het dat jy 5 porsies daarvan moet eet ELKE dag. Nou vra ek julle: Hoekom nie in POEDING vorm nie? Heerlike appeltert... wortelkoek... suurlemoen meringue... bloubessieroomys...
Spreker 2:	<i>(in vervoering)</i> Pampoenpoffertjies met suiker en kaneel! MY gunsteling! Ek kan maklik 5 porsies daarvan eet ELKE dag.
Spreker 3:	Niemand hoef ooit 'n soettand te trek as dit soetgoed so GESOND is nie.

Graad 3
SPANREDENAARS

Spreker 1:	Ja-nee, gesondheid in die rondheid... en geen tande word getrek uit jou mond uit! Nou hoef niemand jou om te koop om jou groente en vrugte te eet met 'n bakkie poeding nie!
ALMAL:	(asof dit 'n slagspreuk is) POEDING ELKE DAG! VYF KEER 'N DAG!
Spreker 1:	(kalmeer die ander) Maar, wag julle... Ek weet dat Spreker 4 is tot die tande toe gewapen met 'n dodelike argument. Die vloer is joune.
Spreker 4:	Nie net is my argument dodelik nie... maar GROENTE is DODELIK!
ALMAL:	(oe en aa, skud die koppe en lyk geskok)
Spreker 2:	Groente is nie lekker nie... maar dis darem nie dodelik nie!
Spreker 3:	(paniekerig) Oewieeee! Ek wil nie doodgaan nie!
Spreker 1:	Kalmeer, kalmeer! Laat ons eers na Spreker 4 luister.
Spreker 4:	Wel, ek praat die waarheid vandag, vriende. Groete word met gif bespuit... en ons kry van daardie gif in. Het julle al gehoor van Dr Don Colbert?
Spreker 3:	Haai siestog, was dit die dokter wat jy moes gaan sien toe jy gif ingekry het?
Spreker 4:	Nee. Dr Don Colbert is 'n gesondheidsghoeroe en die skrywer van my mamma se boek... "Sewe pilare van gesondheid". My mamma het my gewys dat hierdie slim dokter sê dat mens maar moet ligloop vir die groente en vrugte in die winkel. Dit is glad nie so gesond soos wat almal dink dit is nie. Dit word te vroeg gepluk en word dan in skure vinnig ryp gemaak deur dit met gasse en hormone te spuit! (almal trek skerp asem in) Ja!!! EN... my ouma sê altyd: "Vroeg ryp... vroeg vrot!" Ek dink sy praat van daardie groente en vrugte op die winkelrakke.
Spreker 3:	Hoe proe 'n hormoon? Kan dit tussen jou tande vassit? (grawe in mond)
Spreker 4:	Nee, ek dink nie so nie... maar hormone is nie goed vir jou nie... en gasse laat my gril. Ek sluk eerder 'n vitamienepil.
Spreker 3:	Gelukkig groei koekies en lekkergoed nie aan bome nie... en word hulle nie bespuit met gasse en hormone nie.
Spreker 2:	Niemand gaan my ooit weer dwing om groente te eet! My ma, pa, oupa EN ouma... kan dit maar vergeet!

Graad 3
SPANREDENAARS

Spreker 4:	Ag nee, man... jy weet mos... al wat jy moet eet is organiese kos. En, mense... ek het gesien... in my mamma se gunsteling winkel... kry mens selfs ORGANIESE sjokolade! So, my liewe Tandmuis... geen soettande word getrek in ONS huis.
Spreker 1:	Vriende, dames en here... dit is dus ons redes hoekom ons ver wegbly van appels en pere. Soetgoed sorg vir 'n goeie spysverteringstelsel... soetgoed is gesond – veral in lekker poedings... en soetgoed bevat nie gevaarlike hormone of gasse nie.
ALMAL:	SO LOS ONS SOETTANDE UIT!